MNR. HENDRIK VAN PLETZEN is die tegniese bestuurder vir vleisbeesbestuur, voeding, weidings, produksiestelsels en ekonomie by Voermol Voere.

VLEISMERINO'S OP SOJABOONLANDE

Ek soek raad vir ooie en lammers wat swak op sojaboonlande presteer. Ooie gooi lammers weg. Kan tripsienvergiftiging die oorsaak wees? Kan lekke die probleem oplos? Ek gebruik tans Landelek (reg.nr. V15414, Wet 36 van 1947), met swak resultate. My lande is onkruidvry.

Die onverwerkte sojabone is hoog in proteïene (ongeveer 36%), maar dit het sekere beperkings in die vorm van anti-voedingsfaktore, soos tripsien- en chemotripsien-inhibeerders en 'n laag verteerbare aminosuurprofiel. Dit veroorsaak dat ooie met lammers op sojaboonreste dik en taai biesmelk het en min melk produseer. Gevolglik groei lammers swak.

Die verwerking van sojabone hef die anti-voedingsfaktore op en ontsluit die voedingspotensiaal, maar reste kan nie verwerk word nie. Daarom moet jy die regte lekaanvulling gee. Moenie ureum in lekke en rantsoene insluit waar jy onverwerkte sojabone gebruik nie. Die urease-aktiwiteit in dié sojabone veroorsaak dat ureum vinnig in ammoniak omgeskakel word. Dit kan tot ureumvergiftiging lei. Volwasse skape benut sojaboonreste goed omdat hul behoefte aan deurvloeiproteïene baie laer is as dié van lakterende ooie en lammers. Sojareste-weiding is 'n uitstekende prikkelvoer vir ooie. Die drakragriglyn van sojareste is 5 tot 7 kleinveeeenhede vir 'n weitydperk van 80 tot 100 dae.

AANBEVELING

Waar baie sojaboonpitte op 'n land lê, oorvreet skape hulle maklik en vrek aan nitraatvergiftiging. 'n Gelykmatige aanpassing oor minstens 14 dae is noodsaaklik om dié risiko te beperk. Molovite (V7266) bevat medikamente wat proteïenopblaas voorkom, maar daar is geen waarborg dat geen vrektes sal voorkom nie.

Molovite bevat die beste proteïene en is die standaardaanbeveling vir diere op sojareste. Meng drie sakke Molovite by een sak Procon (V12701) vir ooie met lammers om die deurvloeiproteïene te verhoog. Vir ooie wat baie melk produseer, gebruik ons 'n sojarestelek. Lammers vreet ook hierdie lek goed, met goeie groeiresultate.

Lees die volledige artikel op Landbou.com. *Soek met die opskrif, soos hierbo aangedui.*

Landbou.com
Boer op ons werf.